

Wanneer ek my roeping aan 'n ander oorlaat.

Teks: 2 Samuel 11: 1 - 27

Teksvers: 2 Samuel 11: 1, 11

1. Inleiding

Vanoggend is daar vreugde by ons. Ons sien uit daarna om volgende week weer sonder 'n beperking op getalle te kan kerk hou. Maar met die vreugde in ons hart is dit ook vanoggend tyd vir refleksie. Hier aan die einde van streng maatreëls rakende geloofsbyeenkomste kan ons vra, waar is ons. Waar bevind ek myself ten opsigte van my geloofslewe. Want waar ek is met my geloofslewe het ook sekere gevolge.

Ons sien dit duidelik in die geskiedenis wat vandag in ons bekende teksgedeelte geopenbaar word. Ons tref twee rolspelers aan wat deurentyd op verskeie plekke teenwoordig is. En op die plekke gebeur daar ook sekere dinge met hulle. Maar dit is fisiese teenwoordigheid. Vir die gelowige is daar ook nog die geestelike reis. En geestelik is ons twee rolspelers ook op verskillende plekke teenwoordig. Kom ons ondersoek die kontras ook in geestelike teenwoordigheid by ons twee rolspelers.

Want uiteindelik skep 'n teenwoordigheid ook 'n geleentheid. Wanneer ek fisies iewers teenwoordig is, is daar 'n geleentheid om iets te doen. Dieselfde is egter ook waar van geestelike teenwoordigheid. Waar ek myself geestelik bevind het ook sekere gevolge. Daarom is dit vir die gelowige so belangrik om voortdurend ons teenwoordigheid te evalueer.

Want waar ek geestelik teenwoordig is, ontvang ek ook my roeping. En dit is belangrik dat ek nie my roeping versak nie. Want dit is juis iets wat dikwels vandag gebeur omdat mens dink daar is nog baie ander mense teenwoordig, waaraan hulle roeping oorlaat kan word. Kom ons ondersoek die teenwoordigheid van ons twee rolspelers, Koning Dawid en

die dapper soldaat Uria vandag. Ons ondersoek beide hulle vleeslike teenwoordigheid en hulle geestelike teenwoordigheid. Laastens kyk ons na die gevolg wat hierdie onderskeie teenwoordighede op hulle lewens en roepings gehad het.

2. Vleeslike teenwoordigheid

Aan die begin van die teksgedeelte word David se vleeslike teenwoordigheid sommer al aan ons geopenbaar. Vers 1, ons eerste teksvers openbaar aan ons dat David tuis in Jerusalem is terwyl sy soldate die opdrag het om Rabba te beleër en te oorwin. Vir die moderne mens is hierdie metode van oorlog voer glad nie buitengewoon nie. Maar in die tyd van 2 Samuel was deel van die gesalfde koning van Israel se roeping juis om die leer aan te voer in die geveg. Om die oorwinning oor die vyand in die Naam van die Here te behaal.

Tog openbaar die Bybel nie uitdruklik dat hierdie "van die huis af werk" van David sonde is nie. Inteendeel in 2 Samuel 21:15 pleit die manne by Dawid om nie meer saam met hulle oorlog toe te gaan nie, want dit is belangriker dat Hy behoue bly vir die land. Dus is sy fisiese teenwoordig nie alreeds sonde nie.

Maar dit staan steeds in skrilte kontras met die fisiese teenwoordigheid van Uria. Uria is pligsgetrou as besig om onder Joab teen die Ammoniete te veg. Daar is hy nie tuis nie. En selfs wanneer hy tuis is, as deel van Dawid se toesmeer planne is hy nie werklik tuis by sy eie huis nie. En uiteindelik is dit tog juis Uria se fisiese teenwoordigheid wat hom bewaar van enige sonde. Wat hom getrou aan sy roeping hou.

Wanneer ons fisiese teenwoordig is hier in gemeenskap van gelowiges, kan ons toegerus word om ons roeping uit te leef. Maar meer as dit. Ons kan hier in die warm gemeenskap van gelowiges die tipe ondersteuning van ons roeping ervaar, wat maar net nie moontlik oor 'n afstand is nie. Tot nou toe het baie van terugstaan dat ander gelowiges eerder deel van die 50 uitverkore kerkbesoekers kan wees. Maar nou het ons almal weer die voorreg om fisies teenwoordig te wees in die gemeenskap van gelowiges.

3. Geestelike teenwoordigheid

Tog soos ons aan die begin gesê het is daar ook geestelike teenwoordigheid van 'n mens. En alhoewel dit baie misties kan klink, is dit eintlik meer werklik as wat ons dink. 'n Mens se geestelike teenwoordigheid word herken in gedagtes, ingestelheid en oortuigings. En van vroegste tye af word die mens se geestelike teenwoordigheid gegrond in rituele, geloofsgebruike of soos ons dit vandag nog ken sakramente.

Die Here gee dan ook van vroeg af in genade hierdie gebruike aan die mense, om hulle juis nader aan Hom te trek. Een van hierdie gebruike was dat mans wat opgeroep is om in opdrag van die Here te gaan veg teen die vyand, nie toegelaat is om by hulle vroue te slaap nie. Ons sien dit in 1 Samuel 21 waar David vir Agimelek inlig oor die toestand van die manne by hom, hy sê in vers 5: "Soos altyd wanneer ek gaan oorlog maak, is vrouens vir ons verbode en daarom is die liggeme van die manskappe rein".

Ons sien dat Uria by hierdie gebruik bly selfs al is hy tydelik in Jerusalem en nie op die slagveld nie. Dit is immers ook sy antwoord aan in vers 11, ons ander teksvers: "Sou ek huis toe gaan om te eet en fees te vier en by my vrou te slaap, terwyl die ark en Israel saam met Juda in hutte woon en my aanvoerder Joab sowel as u soldate in die oop veld kamp

opslaan? Dit sal ek beslis nooit doen nie!" Uria is geestelik ook die heelyd op die regte plek teenwoordig.

Maar Dawid aan die anderkant is nie net fisies nie op die slagveld nie. Hy onderhou ook nie die geestelike gebruik om in solidariteit met die manne op te tree nie. Intendeel oortree hy nie net die weerhouding bepaling nie, hy gaan sommer verder pleeg owerspel.

Vir lank moes ons tevrede wees om slegs geestelik teenwoordig te wees saam met ons broers en suster in die geloof. Maar eersdags het ons die voorreg om weer die sakrament van die Heilige Nagmaal saam te kan gebruik. Daar waar ons ook weer ons geestelike teenwoordigheid kan grond in iets fisies.

4. Gevolg

Soos ons reeds gesê het, het ons teenwoordigheid ook gevolge. Veral gevolge vir ons roeping. Dawid se fisiese teenwoordigheid op die dak van die paleis, plaas hom in posisie waar die bese hom maklik kan verlei. Dit gebeur dan ook uiteindelik so. Uria se fisiese teenwoordigheid, selfs wanneer hy in Jerusalem is, bewaar hom die bepalings van die Here te breek. Deur nie huis toe te gaan nie, kan hy nie by sy vrou slaap nie.

En dan uiteindelik in die woorde van Jakobus 1:15 word die sonde tussen Dawid en Batseba bevrug, dit bring die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood. En dood is uiteindelik waarvan ons ook lees in vandag se teksgedeelte. Maar meer spesifiek die dood van die skeinbare regverdige. Die skeinbare Uria sterf onskuldig om Dawid se sonde te probeer verbloem. Tog weet ons dat daar net een mens wat ooit werklik heeltemal onskuldig ter dood veroordeel was en gesterf het. Ons Here Jesus Christus was sondeloos. Maar ons sonde was so groot dat Hy onskuldig moes sterf om ons straf te kan

dra. Om ons te red uit die dood wat die sonde bring.

Ons is vandag as verlose gelowiges in 'n nuwe geestelike teenwoordigheid. En daarby het ons nog die voorreg om ook hierdie geestelike teenwoordigheid te begrond in die fisiese hier rondom ons. In die gemeenskap van gelowiges, wat fisies warm na aan mekaar uitgeleef kan word. Kom ons leer uit hierdie groot klad op die naam van die man na God se hart.

Kom leef voortdurend in 'n fisiese en geestelike teenwoordigheid waar God alleen geëer word. Want daar sal ons ook ons roeping ten volle kan uitleef en nie eenvoudig oorlaat aan ander omdat ek afwesig is nie.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur ons teksgedeelte met Genesis 4 te vergelyk. Die bekende geskiedenis van Kain en Abel. Beide Kain en Abel is in dieselfde fisiese teenwoordigheid. Maar Geestelik is daar die verskil wat veroorsaak dat die offer van Kain nie aanvaar word nie. Teenwoordigheid fisies en geestelik het gevolge.

En waar ons nou voluit erediens kan hou van volgende week af, is dit baie relevant. Waar gaan ek volgende week fisies en geestelik teenwoordig wees. Gaan ek in die plek wees waar my roeping tot volle werklikheid kan kom. Waar ek prakties toegerus kan word om die Here alleen in alles te eer en te verheerlik.

Want die waarheid is dat daar nie maar eenvoudig ander mense is wat my roeping kan uitleef nie. Natuurlik is God almagtig en nie afhanklik van my om sy wil te laat geskied nie. Maar tog het God die persoonlike individuele verhouding met ons as uitverkornes so hoog geag dat Hy Sy enigebore Seun gestuur het om ons te kom red. Kom ons leef as verlose mense ons roeping voluit uit. Kom ons kom beide fisies en geestelik op die regte plek. Sodat my lewe ook die regte gevolge kan hê:

Eerstens 'n liefde en verheerlik vir die Here wat alles oortref, en tweedens ook daardie broederlike liefde vir my naaste wat die wêreld verander.

Amen